Sonaangedrewe e-fietse in Namibië gebou

» Omgewingsvriendelike vervoer is hier

Die kombinasie van 'n fiets met 'n elektriese enjin bied Namibiërs 'n klanklose, vinnige, gesonde en goedkoper manier van vervoer.

› Tanja Bause

SunCycles Namibia is 'n nuwe maatskappy in Windhoek wat sogenaamde e-fietse vervaardig waarvan die battery óf deur sonkrag óf by elektriese kragpunte herlaai kan word.

Wêreldwyd word stedelike gebiede al hoe meer voor omgewings-, sosiale en ekonomiese uitdagings geplaas wat deur onvoldoende vervoerstelsels veroorsaak word. In 'n stad soos Windhoek kan 87% van die bevolking nie hul eie motor bekostig nie, met 52% wat skaars openbare vervoer kan bekostig. Die sonaangedrewe elektriese fiets bied 'n bekostigbare en omgewingsvriendelike alternatief.

Met die kombinasie van 'n fiets met 'n elektriese enjin het Namibiers nou 'n klanklose, vinnige, gesonde en goedkoper manier van vervoer.

"Die idee is om 'n 100% Namibiese produk te vervaardig wat spesiaal vir Namibiese toestande ontwerp en deur 'n 100% Namibiese werksmag gebou is," het me. Marita van Rooyen van SunCycles Namibia gesê.

SunCycle werk vanuit 'n vraghouer in Windhoek waar herwinde fietsrame met 'n enjin en 'n battery toegerus word. Die maatskappy werk nóú saam met gemeenskappe, veral in Katutura waar dit die jeug wil bemagtig. Sou iemand in 'n sonfiets belang stel, kan hulle hul fietse na Van Rooyen en mnr. Bernhard Walther by SunCycle neem waar hulle touwys gemaak sal word oor hoe om van die battery tot die sonpaneel te installeer. Mense word ook gewys hoe om die toerusting te onderhou.

Tans is daar vier van dié fietse in Windhoek. Twee is by die Wetenskaplike Vereniging van Namibië beskikbaar wat dit verhuur. By SunCycle kan die fietse op 'n uurlikse, daaglikse, weeklikse of maandelikse basis gehuur word.

"Ek het al 2 500 kilometer met my e-fiets afgelê en nóg die bulte van Windhoek nóg die Namibiese son was 'n probleem," het Walther gesê.

Die battery kan deur sonkragpanele of by 'n kragprop gelaai word. Die fiets kan 'n spoed van tot 30 kilometer per uur haal.

Die fietse sal ook by die komende Namibië Toerisme Ekspo by SunCycles se stalletjie besigtig kan word.

Me. Marita van Rooyen en mnr. Bernhard Walther van SunCycle by een van die fietse wat hulle besig is om in 'n sonaangedrewe-elektriese-fietse om te bou. Die motor word by die agterwiel aangebring en die battery is waar die waterbottel gewoonlik sit. FOTO TANJA BAUSE

Planne gereed om ekspo vir almal veilig te maak



Agter van links is mee. Maggy Mbaku en Michelle le Roux van Namibia Media Holdings wat die ekspo reël, adj. komm. Edwin Kanguatjivi van NamPol, sers. Johny Dawid

Die kwessie van persoonlike veiligheid en die veiligheid van besoekers en uitstallers se besittings, bly vir die organiseerders van die Namibië Toerisme Ekspo 'n prioriteit.

Om dié rede het Nampol, die stadspolisie en Namibia Protection Services (NPS) kragte saamgesnoer en gaan hulle alles in hul vermoë doen om 'n misdaadvrye skou te verseker.

Personeel van Nampol en die Stadsmer op die skougronde 24 uur 'n dag beman en dit sal te alle tye operasioneel wees.

'n Versoek word aan besoekers gerig om hul voertuie te parkeer waar veiligheidswagte geplaas is. Besoekers word ook gemaan om geen waardevolle items in voertuie te laat nie.

Die stadspolisie se nuwe veiligheidsafdeling wat spesifiek op toeriste gemik is, sal tydens die ekspo